21 NOVEMBER 2021

# TORINGKERK nuus



WEEK 6: WYSHEID UIT DIE PLANTERYK

## THE VELVETEEN RABBIT

### MARGERY WILLIAMS BIANCO

'It doesn't happen all at once,' said the Skin Horse. You become. It takes a long time. That’s why it doesn’t happen often to people who break easily, or have sharp edges, or who have to be carefully kept. Generally, by the time you are Real, most of your hair has been loved off, and your eyes drop out and you get loose in your joints and very shabby.
But these things don’t matter at all, because once you are Real you can’t be ugly, except to people who don’t understand.”

# SOMEREREDIENSTE BEGIN WEER OM 09:00!

Iets wat ons die afgelope tyd geleer het is om nooit weer die voorreg om eredienste te mag hou vanselfsprekend te neem nie. Ons is dus in besonder dankbaar dat ons as geloofsfamilie saam kan kerk hou!

Die somer is hier, so ons eredienste begin weer bietjie vroeër, so onthou om jou wekker te stel! Kom kry gerus vir jou koffie by die voordeur. Ons moedig jou aan om jou eie koppie saam te bring van die huis af.





# ONS IS BESIG MET 'N REEKS: WYSHEID UIT DIE PLANTERYK

Ons is tans besig met ons sesde en laaste week met die reeks: **Wysheid uit die planteryk.**

Hierdie reeks handel oor die wysheid wat ons uit die planteryk kan toepas in ons eie lewens.

Vir ons sesde week leer ons by die **roos** meer oor **dienswilligheid**.

Ons deel elke week in die Toringkerk Nuusbrief 'n vooruitsig en 'n paar interessante feite oor die spesifieke plant wat die week behandel word. Ons is dankbaar vir hierdie afgelope 6 weke saam op reis met hierdie reeks.

# WIL JY DEEL WEES VAN ONS KERSSPEL BY ONS KERSSANGDIENS?

Ons is baie opgewonde om hierdie jaar 'n Kersspel op te voer tydens ons Kerssangdiens op 5 Des. Daar is reeds 'n span gemeentelede wat hard aan die werk en beplan is vir hierdie spesiale opvoering.

Ons benodig wel nog **15 kinders en/of volwassenes** wat sal deelneem aan hierdie Kersspel.

Kontak gerus vir Joey of Janneke indien jy belangstel om deel te word van hierdie span!



NUWE REEKS

# WYSHEID UIT DIE *planteryk*

## ROOS

ROSE IS INHEEMS AAN DIE MEDITEREENSE STREEK EN IS DUISENDE JARE GELEDE DEUR DIE ARABIERE VERWERK TOT OLIES. VIR HULLE WAS DIT MEER WERD AS GOUD. HISTORIES IS ROSE GEBRUIK VIR HULLE VOORKOMS, AROMA EN TERAPEUTIESE EIENSKAPPE. ROOS-OLIE WORD BESKRYF AS DIE KONINGIN VAN ESSENSIËLE OLIES EN WORD ONTREK UIT DIE BLOM.

ROSE HET 'N WYE VERSKEIDENHEID EIENSKAPPE AS GENEESMIDDEL EN KAN AS ANTI-DEPRESSANT, ANTISTRES, ASOOK KALMEERMIDDEL INGESPAN WORD. ROSE IS OOK RYK AAN VITAMIEN C. ROOSOLIE IS NIE NET DIE OUDSTE EN KOSBAARSTE NIE, MAAR OOK DIE SAGSTE EN BETROUBAARSTE VAN ALLE ESSENSIËLE OLIES. DIT DIEN DIE MENS EN HAAR BEHOEFTES LANGER AS ENIGE ANDER ESSENSIËLE OLIE EN DIE WAARDE DAARAAN KAN NIE OORSKAT WORD NIE. AS JY NET EEN ESSENSIËLE OLIE KAN BEKOSTIG, IS DIE ROOS DIE EEN OM AAN TE SKAF.

DIENSWILLIGHEID IS OM TE DIEN MAAR DIS OM JOUSELF OOK VRYWILLIG BETROKKE TE MAAK BY DIE WELSTAND VAN ANDER ASOF JOU EIE WELSTAND DAARVAN AFHANG. 'N LEIER OF ORGANISASIE SE LANGTERMYNOORLEWERING SAL AFHANG VAN HOEVEEL HULLE WERKLIK OMGEE.

SOOS DIE ROSE DIE MENS EN HAAR BEHOEFTES AL LANGER AS ENIGE ANDER ESSENSIËLE OLIES DIEN EN DIE WAARDE DAARAAN NIE OORSKAT KAN WORD NIE, KAN DIENSWILLIGHEID GESIEN WORD AS VOORTDURENDE, ELKE-OOMBLIK-VAN-DIE-DAG AKSIE. SOOS JOHN WESLEY GESÊ HET ***"DOEN WAT JY KAN, SO GOED SOOS JY KAN, WAAR JY KAN, VIR SO LANK JY KAN"***.

LAAT DIE HEERLIKE GEUR VAN DIENSWILLIGHEID JOU OMGEWING VERFRIS SOOS DIE GEUR VAN ROSE IN DIE OGGENDDOU.

**WEEK 6 | DIENSWILLIGHEID | MARKUS 9:33-37**

**ROOS**

## SKOONMAAKMIDDEL

Vir die maand van Desember beplan ons om 'n baie spesiale Kersfees pakkie te pak vir ons Diep & Vêr familie!

**Ons benodig nog die volgende voor 1 Desember:**
Skottelgoedopwasmiddel: 20
Handy Andy (of iets soortgelyk): 44

Jy is welkom om dit by die kerkkantoor af te laai. Baie dankie vir elkeen wat al 'n bydrae gemaak het!

***Andersins kan jy vir Hannetjie of Janneke kontak vir 'n ander reëling.***






## BORG 'N KOSPAKKIE!

Ons Diep & Vêr projek is nou al meer as 'n jaar oud - waar ons elke maand vir 46 gesinne kan ondersteun deur 'n kospakkie te gee.

**Hoe kan jy betrokke raak?**
- Borg 'n kospakkie vir R250 (betaal in by kerk)
- Samel kositems in (laai af by kerk)
- Word deel van die kospakkie-pakkers groep
- Bid vir die gesinne wat hierdie kospakkies ontvang

***Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.***

## BORG 'N BLADSY VIR ONS 2022 KALENDER

Die jaar is amper verby! Ons begin beplan vir ons gemeente se 2022 kalender! Hier is 'n lekker geleentheid vir jou om jou besigheid te bemark! Ons kalenders word wyd en suid versprei en jou besigheid het die geleentheid om binne in mense se huise bemark te word!

***Kontak gerus vir Annelie indien jy belangstel om 'n maand te borg teen R800.***



# GELUK NEELS EN ADÉLE!

Ons vier hierdie week Neels Visser en sy vrou, Adéle se huweliksherdenking van 26 jaar op 18 November.

Neels deel die volgende woorde:
"Vandag 26 jaar gelede het ons aan die eerste sak sout begin eet. Nou weet ek nie hoeveel sakke sout ons nou al opgeëet het nie. Dankie Jesus dat U ons 26 jaar vir mekaar gespaar het. U genade is oorvloedig en oneindig."

Ons vier hierdie baie besonderse roetemerker saam met julle!

(Neels is Toringkerk se koster, handy-man en lojale kollega. Gee hom 'n elmboog-groet as jy hom weer sien!)





# GREYTON STAPTOER!

Ons is baie opgewonde om weer einde van die jaar saam met 'n paar tieners van Paarl en Wellington areas die Greyton staptoer aan te pak! Hierdie staptoer bied vir ons almal die geleentheid om te ontsnap uit die gewone roetines en om die Here te ontdek in die natuur en mekaar.

Ons benodig nog die volgende:
- Pastaslaai vir 35 mense (bestandele)
- Beskuit vir 35 mense

***Indien jy moontlik sou kon help, kontak gerus vir Janneke.***

# TERUGVOERING UIT MSINGA!

Die jeugwerker wat tans in Msinga werk, gee terugvoering oor die uitdagende tydperk waarin hul hulself tans bevind weens die sosio-ekonomiese status van die gemeenskap. Hulle is in besonder dankbaar vir die ondersteuning wat hul ontvang soos 'n printer, kos donasies en Bybel donasies. Die jeugwerker werk veral by skole met die rol as motiveerder en geloofsbegeleier. Hy tree ook nou op as 'n skaak-onderwyser, waar hy kinders leer om die skaak te speel. Hulle benodig egter nog skaakstelle. Ons as gemeente kan gerus hierdie Msinga-span in ons gebede dra. Ons is dankbaar vir die wonderlike werk wat daar plaasvind, ten spyte van die groot uitdagings.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Dagboek DIE DATUM



**5 DES.** POPPEKAS

Kom geniet die erediens saam as gesin!



**5 DES.** KERSSANGDIENS

Toringkerk | 19:00



**25 DES.** KERSFEESDIENS

Toringkerk | 07:30



**31 DES.** NUWEJAARSDIENS

Toringkerk | 18:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.

**BID . SIEN . DEEL**

Kantoor nr. 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za

# BRIEF VAN DIE STANDER FAMILIE

"Ons is so dankbaar vir soveel mense wat hul harte oopgemaak en gegee het die jaar met Ayanke se kanker. Ieder en elk se belangstelling nabyheid, bemoediging, omgee, boodskappe, geskenke, blomme, kos en gebede het soveel hoop en liefde gebring. Julle het ons gedra om aan te hou glo, om te volhard en om elke dag saam met Ayanke te stap en om positief te bly. Ons kyk terug met groot waardering en dankbaarheid dat God soveel mense oor ons en Ayanke se pad gebring het. Die bande wat gebou is in die tyd is vir altyd gesmee. 'n Wonderwerk van genesing van ons Hemelse Vader. Ons ervaar Sy onbeskryflike grootheid, genade en seëninge.
Dankie Here dat U ons Gebede verhoor het en dat U Ayanke skoon gewas het, "Spierwit soos Sneeu..." Ons Prys U Grote Naam."





# RADIO KC BIED AAN: NASIONALE SERTIFIKAAT - INTERAKTIEWE MEDIA

Hierdie een jaar kwalifikasie is bedoel vir toepassing in die Grafiese Ontwerpbedryf. Die doel van hierdie kwalifikasie is dat leerders in staat is om webwerwe te beplan en te skep. Dit sluit in: skryf / samestelling / saamstel van komponente vir gebruikerskoppelvlakontwerp vir kommunikasie, vermaak en inligtingstoestelle.

Kwalifiserende leerders sal ook interaktiewe aanbiedings, grafiese en fotografiese elemente, 2D-animasie of visuele inhoud vir bemarkingsdoeleindes kan saamstel.

Toelatingsvereistes: Matriek/Graad 12/NKR Vlak 4 Verwante Kwalifikasie, Wiskunde & Engels op NKR Vlak 4, Toelatingseksamen en Visuele Portefeulje.

# RADIO KC BIED AAN: RADIO PRODUKSIE

Hierdie eenjaarkwalifikasie het ten doel om radio-aspirante toe te rus in tegniese en inhoudskepping vir radioprogramme oor kommersiële, openbare en gemeenskapsdiensvelde. Leerders word in staat gestel in die ambag van klankbestuur, draaiboekskryf, klankredigering, multi-snit verpakking, navorsing en vokale aflewering.

Hierdie is vir enige een wat 'n loopbaan as 'n radio-inhoudvervaardiger soek; tegniese en gesonde bestuursvervaardiger; navorsing en draaiboekskrywer; klankprodukvervaardiger en aanbieding op die lug.

***Vir meer inligting in jy welkom om vir RadioKC of Ryno te kontak.***





## GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Thea Carstens** wat in Paarl Medi Kliniek se ICU herstel. Ons bid vir Niel, haar ouers, familie en vriende.
- Ons bid vir **Rina en Manie Bester** wat beide gesonheidskwessies beleef. Bid asb vir pynlose en spoedige herstel.
- Ons is dankbaar dat **Gretchen Klue** se rug operasies sovêr 'n sukses was. Ons bid vir haar vir volle herstel, krag en energie.
- Ons bid in absolute dankbaarheid en verwondering dat **Ayanke Stander** se PET scan hierdie week skoon is. Ons is so trots op jou! Dankie Here!
- Ons bid vir **alle matrieks en leerders** met die eindeksamen. Ons bid vir rustigheid en deursettingsvermoeë.
- Ons bid vir **Willem van der Colff en sy familie** met hul bediening in die Ukraine. Hulle is tans besig met die aanbieding van 'n huwelikskonferensie, vroue-konferensie en eredienste in Kiev.
- Ons bid vir **Magda van Wyk** se beterskap en gesondheid. Ons dink aan jou en bid vir jou.
- Ons bid vir **Cathleen Horne** met die herstel van haar skoueroperasie.
- Ons bid vir die voorbereiding van die **Greyton staptoer**. Mag dit 'n geseënde tyd wees.

As jy 'n behoefte het om blomme, 'n bord kos, geskenk of deernis by die families te gaan aflaai, gesels gerus met die leraars vir verdere reëlings. As een lid ly, ly die hele liggaam.

***Kontak asb enige van die leraars as ons vir jou kan bid.***

## KUIER & KLETS

Die Kuier en Klets span het hierdie week 'n baie lekker kuier geniet by Simonsvlei. Die span het 'n heerlike Spit geniet en hier en daar is 'n glasie geklink.

Ons sien uit om volgende jaar weer voort te gaan met meer gereelde kuiers en aktiwiteite.

***Indien jy graag betrokke sou wou raak by die Kuier en Klets span, kontak gerus vir Ryno.***



## TORINGKERK BOEKWINKEL

# ONS BENODIG JOU OU BOEKE!!!

Bring asseblief jou ou boeke na die Kerk kantoor en wees deel van hierdie opwindende projek. Jou bydrae kan 'n wesenlike verskil maak. Meer inligting volg binnekort!!



## TORINGKERK BOEKWINKEL

Bring asseblief jou ou boeke na die kerk kantoor. Stuur 'n boodskap vir Marli by 082 550 3846 om jou deel van die Boekwinkel W-up groep te maak. Deur 'n boek te koop dra jy dadelik R50.00 by tot die Diep-en-Ver projek. Daar gaan soveel winskopies wees, jy wil dit nie mis nie!! Slegs 1 x boodskap per week geplaas op die groep - verdere kommunikasie is privaat. ☺






# BAIE GELUK

## met jou verjaarsdag!

22/11 Mia Brand
22/11 Sibel de Vries
22/11 Annuska de Wet
22/11 Brian Hart
22/11 Anna-Mari Horn
23/11 Marlize Townsend
23/11 Louis Wessels
24/11 Dalene van Zyl
25/11 Marina Champion
25/11 Alfred Cupido
25/11 Marie Vorster
26/11 Reghardt Landman
27/11 Valria Du Plessis
27/11 Kristen Pagel
27/11 Jurie Wessels






# DIE GEHEIM VAN GELUK - AMANDA DU TOIT

Onlangs blaai ek op Instagram die volgende raak *“Some day, these will be the good old days”.* Onmiddelik doen ek ‘n kyk weer, want hoe kan dit moontlik wees met die Corona virus se “levels” wat nog pla en Eskom se beurtkrag “stages”.

Later dieselfde aand lees ek saam met die kinders in Aartsbiskop Desmond Tutu se Verhale van die Bybel* van “God se geskenk aan sy kinders” en ek besef dat daar tog miskien iets steek in dié Instagram plasing. Ek plaas graag die verhaal wat ons gelees het, hier onder:

Jesus verduidelik die geheim van geluk.

Op ‘n dag het Jesus vir sy volgelinge vertel van God se droom van die wêreld waar al God se kinders liefde en sorg kry.

Geseënd is julle wat arm is, want God se wêreld behoort aan julle.
Geseënd is julle wat nou honger is, want God sal vir julle kos gee.
Geseënd is julle wat wat nou huil, want God sal julle troos en julle sal weer lag.
Geseënd is julle wat die arm mense kos gee, want julle is God se hande.
Geseënd is julle wat die hartseer mense troos, want julle is God se arms.
Geseënd is julle wat werk vir vrede, want julle is God se stem.
Geseënd is julle wat liefdevol en vriendelik is, want julle is God se hart.

Julle is die lig vir die wêreld. Laat die mense julle goedheid sien, sodat hulle julle Vader in die hemel kan prys.

As jy vir jou broers of susters kwaad is, praat met hulle uit jou hart uit en maak vrede. As jy ander mense vergeef, sal jy ook vergewe word. Julle moet julle vyande liefhê en vir hulle bid, want hulle is ook God se kinders. Doen aan ander mense soos wat julle wil hê hulle moet aan julle doen.

Skuif dus bietjie daai houdingsnaald van jou na diensbaar en kyk waar kan jy God se hart, hande, stem en arms kan wees. Dit is in ons almal om met God se riglyne hier bo, in hierdie tye wat ons nou leef goed en gelukkig wees.

*(*) Tutu, DM, God se Kinders Verhale uit die Bybel, Lux Verbi, 2010.*

21 NOVEMBER 2021

# TORINGKERK nuus



TORINGKERK ZAPPER

## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



**OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:**

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.